

Maandag 30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2; 1 Tessalonisense 4:13-18	Fokusgedeelte: Openbaring 2:10, 11
--	---

Ons het geen vrees vir die dood nie (5)

Die Here Jesus het mos gesê dat Hy lewe en ons sal lewe (Joh. 14:19). Dit beteken dat ons lewe inderdaad eers in sy volle werklikheid ná hierdie aardse lewe begin. Dit word ook baie sterk onderstreep deur Efesiërs 2:4-6 waar daar geskryf dat ons alreeds saam met Christus opgewek is en reeds saam met Hom in die hemel is.

Teen hierdie agtergrond glo ons dat Hy die Eerste en die Laaste is. Hy het mag oor lewe en dood, want Hy het die dood oorwin. Hy het dus ook die krag en mag om ons in ons lewenstryd te laat oorwin. Ons moet in al ons ellendes net na die Here toe kyk. Hy voer ons by ons stryd en lyding verby, na die ewige lewe waar Hy is. Hy het aan die kruis almal van ons wat opreg glo, se smarte en die dood omskep in ewige lewe, vreugde en heerlijkheid vir sy kerk.

Dit is die groot troos waarvan die Here praat in hierdie gedeelte. Ware kinders van die Here, werklike liefhebbers van God en sy Woord, word deur die Here Jesus bemin en beskerm, sodat hulle by die tweede dood nie die hel in die gesig kyk nie, maar in die hemel ingaan deur God se genade. Daarom is daar groot rykdom daarin as jy al die verdrukking wat oor jou kom, tot eer van God kan hanteer.

Daarom spreek die Here in vers 10 sy genade oor die ware gelowiges uit: *Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee* (1953-vertaling).

Sing: Psalm 23-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)